Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# JUNIE 2026

# EKONOMIE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Downloaded from www.studypapers.co.za

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

3. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

4. Lees die vrae aandagtig deur.

5. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

6. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

7. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

**AFDELING A: (VERPLIGTEND) 30 PUNTE – 20 MINUTE**

**VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Watter item beskryf die beste ŉ private voordeel wanneer ŉ koste-voordeel-ontleding (KVO) uitgevoer word vir die aankoop van nuwe kapitaalmasjinerie vir ŉ besigheid?

A ŉ Vermindering in arbeid benodig
B Bykomende onderhoud
C Aankoopkoste
D Opleidingskoste

1.1.2 Waarna verwys produktiewe doeltreffendheid?

A Maksimering van winste
B Minimalisering van kostes
C Verhoging van markaandele
D Stel hoë pryse vas

1.1.3 Wanneer firmas hul produksiekoste aan derde partye oplê, staan dit as ... bekend

A private koste
B gemiddelde koste
C negatiewe eksternaliteite
D ŉ produksie eksternaliteit

1.1.4 Die volgende sal altyd waar wees vir ŉ monopolistiese mededingende firma.

A GI = MI
B P = GTK
C GI < MI
D GI > MI

1.1.5 Die vraagkromme van ŉ monopolistiese mededingende firma het ŉ …

A negatiewe helling.
B geknikte kurwe.
C positiewe helling.
D horisontale helling.



Downloaded from www.studypapers.co.za

1.1.6 ŉ Onvolmaakte mark wat slegs normale winste in die korttermyn maak.

A Oligopolie
B Monopolistiese kompetisie
C Monopolie
D Volmaakte mark

1.1.7 ŉ Kenmerk van ŉ volmaakte mark:

A Verkopers het beduidende markkrag
B Pryse kan hoër as die markprys gestel word
C Produkte is gedifferensieerd
D Firmas is prysnemers

1.1.8 As ŉ besigheid se uitset in ŉ volmaakte mark toeneem sal die totale inkomste van die besigheid …

A nie verander nie.
B verminder.
C verhoog.
D herstel. (8 x 2) (16)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Marginale inkomste | A hierdie word ondervoorsien deur die mark maar is tot voordeel van die gemeenskap |
| 1.2.2 Eksplisiete koste | B bestaan as gevolg van hindernisse tot toegang wat nie ekonomies van aard is nie |
| 1.2.3 Duopolie | C ekstra inkomste wat deur die verkoper verdien word as een meer eenheid van 'n produk geproduseer en verkoop word |
| 1.2.4 Prysleierskap | D oorloop-effekte van 'n ekonomiese aktiwiteit op derde partye |
| 1.2.5 Kunsmatige monopolie | E vind plaas wanneer uitsette toeneem met minder as 'n persentasie toename in insette |
| 1.2.6 Kartel | F twee firmas wat die nywerheid domineer |
| 1.2.7 Eksternaliteit | G besighede in dieselfde nywerheid stem saam om pryse en hoeveelhede te bepaal |
| 1.2.8 Merietegoedere | H werklike uitgawes van die besighede |
| | I 'n voorbeeld van stilswyende samespanning met betrekking tot pryse |

(8 x 1) (8)



Downloaded from www.studypapers.co.za

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Produkte wat identies en gestandaardiseer is

1.3.2 Die koste wat dieselfde bly selfs as die uitset verander

1.3.3 ŉ Onvolmaakte markstruktuur wat normale wins op lang termyn maak

1.3.4 Vind plaas wanneer oligopolieë openlik saamspan en formeel saamstem oor pryse en hoeveelhede om winste te maksimeer

1.3.5 ŉ Situasie waar firmas deur die wet toegelaat word om pryse bo die markewewigsprys te hef

1.3.6 Wanneer dit onmoontlik is om een persoon se welsyn te bevoordeel sonder om ŉ ander persoon te benadeel (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



Downloaded from www.studypapers.co.za

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae van hierdie afdeling in jou ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE eienskappe van 'n vraagkurwe in 'n volmaakte mededingende mark. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom is prys-diskriminasie nie moontlik vir firmas in 'n volmaakte mark nie? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**MILJOENE KOEIE STERF AS GEVOLG VAN BEK-EN-KLOUSEER, EN BRING 'N DILEMMA VIR SUID-AFRIKAANSE VERBRUIKERS MEE**




Bek-en-klouseer het beesvleistekorte in Suid-Afrika meegebring. Sommige rolspelers in die bedryf het kommer oor die voorraad van beesvleisprodukte uitgespreek.

[Bron: Zapiro]

2.2.1 Hoe sal die bek-en-klouseersiekteuitbraak die aanbod van beesvleis impak? (1)

2.2.2 Wat is die effek van bek-en-klouseer siekte op beesvleispryse? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die konsep *marginale koste.* (2)

2.2.4 Verduidelik hoekom beesvleis 'n homogene produk is. (2)

2.2.5 Hoe beïnlvoed skommelinge in die markprys van beesvleis die inkomste van kleiner produsente? (2 x 2) (4)



Downloaded from www.studypapers.co.za

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Standard Chartered Bank (SCB) het ingestem om bewerings van manipulasie van die Amerikaanse dollar en die Rand-wisselkoers te skik. Hulle het ŉ boete aan die Suid-Afrikaanse Kompetisie Kommissie betaal vir samespanning oor NIDS, aanbiedinge en wisselkoerskoördinasie met ander internasionale banke.
>
> *kompetissie* kommissie
> suid-afrika

[Aangepas uit: Geld Web]

2.3.1 Identifiseer die kompetisie instelling uit die uittreksel hierbo. (1)

2.3.2 Gee EEN doelwit van die Mededingingswet. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *kompetisie.* (2)

2.3.4 Verduidelik die rol van die kompetisie kommissie in wisselkoers manipulasie. (2)

2.3.5 Hoe kan die manipulasie van die wisselkoers besighede beïnvloed wat in wêreldmarkte meeding? (2 x 2) (4)

2.4 Met die hulp van ŉ grafiek, verduidelik hoe die aanbodkromme van die kostekurwe afgelei word. (4 x 2) (8)

2.5 Hoe verander die helling van die totale koste kromme in verhouding tot veranderinge in die uitset hoeveelheid geproduseerde? (4 x 2) (8)

**[40]**



Downloaded from www.studypapers.co.za


## VRAAG 3: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van eksplisiete koste. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe beïnvloed samespanning die globale mededingendheid van Suid-Afrikaanse besighede? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: www.businesstech.co.za]

3.2.1 Identifiseer die staatsonderneming wat in die spotprent hierbo uitgebeeld word. (1)

3.2.2 Noem die markstruktuur waaronder staatsonderneming gemeld in VRAAG 3.2.1 hierbo, opereer. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die konsep *kunsmatige monopolie.* (2)

3.2.4 Waarom is dit moeilik vir nuwe maatskappye om die spoorwegbedryf te betree? (2)

3.2.5 Watter impak sou die ineenstorting van die spoorwegbedryf op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê? (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

3.3 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Bron: businesstech.co.za]

3.3.1 Identifiseer die markstruktuur soos op die prent hierbo geïllustreer. (1)

3.3.2 Noem EEN bedryf wat in hierdie markstruktuur opereer. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die konsep *nieprys-mededinging.* (2)

3.3.4 Waarom is monopolistiese mededingende besighede huiwerig om oor pryse mee te ding? (2)

3.3.5 Verduidelik hoekom besighede in monopolistiese kompetisie toewysingsondoeltreffend is. (4)

3.4 Teken 'n goed benoemde grafiek om ekonomiese winste in die korttermyn vir 'n monopolie te illustreer (sonder verduidelikings). (8)

3.5 Analiseer die verhouding wat tussen marginale inkomste (MI) en gemiddelde inkomste (GI) in 'n monopolistiese mededingende mark bestaan. (4 x 2) (8)

**[40]**



Downloaded from www.studypapers.co.za


## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE tipes goedere wat deur die regering verskaf word. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe kan direkte beheer tot die wantoewysing van hulpbronne lei? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




Die regering is bekommerd oor die stygende prys van brandstof en hulle beoog om 'n maksimum prys in te stel.

[Bron: www.thetutoracademy.com]

4.2.1 Identifiseer die hoeveelheid aangebied as die prysplafon afgedwing word. (1)

4.2.2 Noem EEN voordeel van 'n prysplafon vir verbruikers. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die konsep *minimumprys*. (2)

4.2.4 Verduidelik die impak van 'n prysplafon wat onder die markprys vasgestel is. (2)

4.2.5 Hoe kan die voorgestelde prysplafon van brandstof tot swart markte lei? (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.studypapers.co.za

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en antwoord die vrae wat volg.

**KOSTE EN VOORDEEL ONTLEDING**

Twee kragstasies, Eenheid 1 (Termies) is goedkoop om te bou, maar duur om te bedryf, terwyl Eenheid 2 (Kern) is duur om te bou, maar goedkoop om te bedryf. Die ekonomiese koste en voordele is met die netto huidige waarde vir die twee projekte, bereken. Die waarde van die twee stasies is soos volg:

| **Projek** | **Ekonomiese koste (R)** | **Ekonomiese voordele (R)** |
|---|---|---|
| Eenheid 1 (Termies) | 280 miljard | 490 miljard |
| Eenheid 2 (Kern) | 900 miljard | 1 800 miljard |

[Aangepas uit: www.businesstech.co.za]

4.3.1 Identifiseer EEN projek met die laagste ekonomiese koste. (1)

4.3.2 Noem die metode wat gebruik is in die berekening van die KVO. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die konsep *sosiale voordele.* (2)

4.3.4 Wat is die uitdaging van die toepassing van die kostevoordeel-ontleding? (2)

4.3.5 Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering die kostevoordeel-ontleding gebruik om markmislukking te voorkom? (4)

4.4 Verduidelik kortliks die effekte van ŉ minimum loon as ŉ gevolg van markmislukking. (8)

4.5 Evalueer die impak van staatsubsidies in die landbousektor. (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

Kopiereg voorbehou 

**Downloaded from www.studypapers.co.za**

**AFDELING C: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

Beantwoord EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word.

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>• ʼn Goeie beginpunt is om die hoofkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In-diepte bespreking/ondersoek/Krities bespreek krities/ Analiseer/ Vergelyk/ Evalueer/ Onderskei/ Verduidelik<br><br>**Addisionele gedeelte:** Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken ʼn grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/ Vergelyk/Verduidelik/onderskei Interpreteer/debatteer kortliks | Maks. 26<br><br><br>Maks. 10 |
| **Gevolgtrekking**<br>Enige hoër-orde gevolgtrekking behoort die volgende in te sluit:<br>• ʼn Kort opsomming van wat bespreek is sonder herhaling van feite wat reeds genoem is<br>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteunings inligting om die bespreking/analise te versterk<br>• ʼn Teenstrydige standpunt met motivering, as vereis<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail en met behulp van grafieke die verskeie ewewigsposisies van ʼn firma in ʼn volmaakte mark. (26)
- Hoe beïnvloed die druk van mededinging in ʼn volmaakte mark, die etiese gedrag van firmas? (10) **[40]**

**VRAAG 6: MIKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail, sonder die gebruik van grafieke, die eienskappe van ʼn monopolie as ʼn markstruktuur. (26)
- Analiseer krities die bestaan van monopolieë in die aanspreek van sosio-ekonomiese kwessies in Suid-Afrika. (10) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.studypapers.co.za